Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Desember 2021/
Januarie 2022

Wat is die antwoord op 'n kwynende geloofsverbintenis?

Die eeue wentel voort

www. gksa.org.za

Inhoud

Desember 2021 / Januarie 2022

JAARGANG 122, NO. 3363
Desember 2021/Januarie 2022

1 VAN DIE REDAKTEUR
Is daar regtig 'n duiwel?

4 UIT DIE WOORD
Koning Jesus, die Môrester, breek die donker toekoms vir ons oop!

6 REDAKSIONEEL
Die eeue wentel voort

8 BRANDPUNT
Kom tot 'n groter begrip en uitlewing

FOKUS
10 Impak van Covid-19-inperkings op senior volwassenes (2)
12 Peter Martyr Vermigli – Italiaanse Calvinis herontdek

IN DANKBARE HERINNERING
14 Dr. JP Bingle
16 Ds. ME Cooke

17 Briewe van ons lesers
19 Lief en Leed
21 Kerklike administrasie
22 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R323
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R465
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R437
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R135

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Is daar regtig 'n duiwel?

Die Bybelse waarheid en die Gereformeerde leer oor die duiwel bevraagteken

In die *Burger* van 14 Oktober 2021 het daar 'n artikel uit die pen van dr. Fritz Gaum, eertydse redakteur van *Die Kerkbode*, verskyn met die titel: "Is daar regtig 'n duiwel?" Die artikel is geskryf na aanleiding van 'n hernieude debat oor die onderwerp.

In die artikel maak dr. Gaum 'n aantal omstrede stellings wat na my oordeel die Bybelse waarheid en die Gereformeerde leer oor die duiwel direk in die gedrang bring en daarom nie sonder kommentaar gelaat kan word nie.

Oorsprong en bestaan van die boosheid (bose)

Gaum ontken dat die duiwel 'n persoon is. Volgens hom is die bose se oorsprong te vinde "in die breuk tussen God en die mens vanweë die mens se opstand teen God". Die duiwel is, aldus Gaum, "wel 'n 'mag' veroorsaak deur die mens se volgehoue opstand teen God, ongehoorsaamheid aan God en ontkenning van God". Gaum erken verder dat die Bybel soms wel van die boosheid as individu, 'n "persoon" praat, "selfs iemand wat met die Here God kan redeneer, soos in Job se verhaal". Maar, sê Gaum, in sulke gevalle moet vasgestel word met watter genre (literêre soort) ons te doen het en wat die eintlike boodskap van die betrokke Skrifgedeelte is.

Teenoor hierdie standpunte van dr. Gaum verkondig die Bybel ondubbelsinnig dat die duiwel 'n persoonlike wese is. Ons lees in Genesis 3 (dr. Gaum verswyg hierdie gedeelte) dat hy in die gedaante van 'n slang na Eva gekom het en haar verlei het om God se gebod te oortree. Dit is onder andere op grond van hierdie gedeelte dat ons in Vraag/Antwoord 9 van ons Heidelbergse Kategismus bely dat "die mens homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid" van die gawes beroof het wat hy van God met die skepping ontvang het.

In Openbaring 12:9 word die duiwel die groot draak genoem, die slang wat Duiwel en Satan genoem word. In Matteus 4:1-11 (vgl ook Mark. 1:12, 13; Luk. 4:1-13) kom hy na Christus in die woestyn om Hom te versoek en te laat afsien van sy Middelaarswerk en die duiwel te aanbid. So kan ons die tekste vermenigvuldig. Wat die boek Job betref, waarna Gaum verwys, stem Gereformeerde Skrifverklaarders saam dat dit in die boek juis gaan om die stryd tussen God en die duiwel oor die vraag of die duiwel Job uit God se hand kan ruk wanneer hy van sy kinders, al sy besittings en sy gesondheid ontneem word.

Pelagianisme

Gaum maak in die konteks van sy artikel die stelling: "Mense kies self om, in plaas van God en die naaste lief te hê, God en die naaste te haat." Dit is die dwaling van Pelagius wat hier na vore kom. Pelagius het geleer dat die mens 'n vrye wil het om te kan kies vir of teen God. Hierteenoor bely ons op grond van tekste soos onder andere Psalm 51:7, Genesis 8:21, Job 14:4, Job 15:14, 16, 35, Jesaja 53:6 dat ons almal in sonde ontvang en gebore word en dat die mens ná die sondeval só verdorwe is dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie, en tot alle kwaad geneig is, behalwe as ons deur die Gees

van God weergebore word (HK v/a 7, 8). God se genadige ingryping om die sondaar te wederbaar deur sy Woord en Gees gaan altyd voorop en daarná leef die wedergeborene in dankbaarheid (vgl. ook Fil. 2:12, 13).

Skrifbeskouing

In die betrokke artikel word ook 'n afwykende Skrifbeskouing gehuldig wanneer Gaum onder andere sê: "Die Bybelskrywers praat, in aansluiting by die destydse premoderne denke, oor die duiwel op maniere wat nie vandag meer so kan geld nie. Dinge word soms in die Bybel aan bose geeste toegeskryf wat ons vandag weet waarskynlik mediese toestande soos vallende siekte of bipolariteit was." Hierdie standpunt is in stryd met die Gereformeerde Skrifbeskouing dat die Bybel God se Woord vir alle tye is, wat nie gebonde is aan die gees of denkwêreld van 'n bepaalde tyd nie. Dit is waarskynlik juis in Gaum se Skrifbeskouing en Skrifhantering dat die diepste oorsaak vir sy ander omstrede standpunte gesoek moet word. Wanneer oor aspekte soos die bestaan van die duiwel en kernwaarhede van die Bybel (bv. die liggaamlike opstanding van Christus, die huwelik, ens.) geskryf word, is dit van kardinale belang dat die Skrif alleen as vertrekpunt en gesagvol geneem word; dat 'n deeglike gereformeerde Skrifverklaring en Skrifhantering (hermeneutiek en eksegese) noodsaaklik is, om sodoende menslike willekeur en oppervlakkige beskouinge uit te skakel.

Ten slotte

In kort kan die Bybelse waarheid en Gereformeerde leer (wat op die Skrif gefundeer is en oor eeue in die gereformeerde kerklike wêreld bely word as in ooreenstemming met die Bybel) oor die duiwel soos volg saamgevat word:

> *Daar was 'n sondeval in die hemel voor die sondeval op die aarde. Die duiwel is 'n persoonlike wese, 'n gevalle engel wat God nie kon onttroon nie en uit die hemel gewerp is. Hier op die aarde het hy die sondeval bewerk deur die mens tot sonde te verlei en onder sy heerskappy te bring. Jesus Christus het by sy Goddelike natuur ook 'n ware menslike natuur aangeneem en deur sy kruisdood en opstanding die duiwel en die dood oorwin. Met sy hemelvaart het Hy, nadat Hy sy verlossingswerk hier op aarde volbring het, op die troon in die hemel aan die regterhand van die Vader gaan sit. Die duiwel kon nie daarin slaag om Christus se troonsbestyging te verhinder nie (lees Op. 12) en is vir 'n tweede maal neergewerp. Vandag is hy steeds met sy duiwelse werk besig om veral God se kinders van die geloof afvallig te maak, God se Woord te verdraai en vervals en van sy gesag te probeer ontneem. En alhoewel die duiwel steeds magtig is (soos 'n brullende leeu, 1 Pet. 5:8), sal hy nie een van God se uitverkore kinders, wat gekoop is met die bloed van Christus, ooit uit sy hand ruk nie (vgl o.a. Joh. 6:39, 40). Wanneer Christus weer kom as Regter op die wolke, sal die duiwel in die poel van vuur en swael gegooi word om vir ewig gefolter te word (Op. 20:10).*

Aan hierdie waarheid moet ons onwrikbaar vashou, waak en bid dat ons nie verwar en mislei word deur soveel afwykende denke in ons tyd nie. CFCC

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE MET ONS INTEKENARE

Geagte intekenaar,

Van die kant van die Redaksie wil ons u weer van harte bedank vir u volgehoue steun, deur intekening op *Die Kerkblad*. Ons het ook reeds van heelwat lidmate inligting ontvang. Dit is egter nodig dat al ons intekenare vir ons onderstaande inligting stuur (tot op datum het slegs 120 intekenare gereageer). As ons van verspreidingsmetode wil verander, kan dit slegs gebeur as ons die samewerking van elke intekenaar het. Daarom versoek ons u dringend om ons van die volgende inligting te voorsien:

- Is u 'n huidige of nuwe intekenaar?
- Die gemeente waarvan u lidmaat is.
- Aanduiding as u nie lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente is nie.
- Naam, voorletters en van.
- Telefoon/selfoonnommer.
- E-posadres.
- Hardekopie of digitale intekening.

U kan die inligting per e-pos stuur na:
kerkblad@gksa.co.za

Baie dankie vir u hulp en donasies, asook u volgehoue voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons sal u voortdurend op hoogte hou van enige verwikkelinge.

Hartlike groete, die Redaksie

Prof. AJ Coetsee (Albert) (TSP)

Kom tot 'n grote

Hebreërs se antwoord op 'n kwynende geloofsverbintenis

Die kerk in die Westerse wêreld is besig om te kwyn, en volgens projeksies sal dit die tendens bly vir die afsienbare toekoms.

Vir die meeste van ons is dit nie nuwe nuus nie. Die gevaar is egter dat ons vanweë omstandighede en 'n gevoel van magteloosheid afgestomp kan raak. Ons kan, in 'n sekere sin, tou opgooi. Die probleem lyk baie groter as wat enigeen van ons kan aanspreek, en daarom aanvaar ons (stilswyend) omstandighede.

Dit is treffend dat ons in die Nuwe Testament ook lees van kwynende gemeentes, of meer spesifiek, 'n kwynende geloofsverbintenis van sekere gelowiges. Waarskynlik is Hebreërs een van die duidelikste boeke wat lig werp op die onderwerp, en in besonder hoe die Hebreërskrywer die probleem aangespreek het.

Alhoewel ons omstandighede nie presies dieselfde is nie, is daar baie wat ons kan leer uit die boek Hebreërs oor hoe ons as kerk 'n kwynende geloofsverbintenis in ons moderne konteks kan aanspreek.

Die omstandighede van die Hebreërgemeente

Ons weet nie presies wie die mense is aan wie die Hebreërboek gerig is nie, of waar hulle gebly het nie. Uit die boek self lyk dit of die Hebreërskrywer met 'n kleiner groep gelowiges binne 'n groter gemeente praat (Heb. 13:17, 24). Hulle was al vir 'n geruime tyd gelowiges (Heb. 5:12; 6:1; 10:23; 13:7). Ons hoor die wonderlike getuienis dat hulle, ten spyte van baie moeilike omstandighede kort ná hulle bekering, in die geloof staande gebly het (Heb. 10:32-34). Hulle is verbaal en fisies in die openbaar vervolg vanweë hulle geloof, maar hulle het vanweë hulle geloofsoortuigings en solidariteit bly volhard.

Ongelukkig was hierdie volharding deel van hulle verlede. Ten tye van die skryf van hierdie brief het hulle in hulle geloofsverbintenis begin kwyn. Die presiese rede hiervoor is nie duidelik nie, maar dit lyk of dit deels te make het met voortgesette wrywing met die nie-Christelike gemeenskap (Heb. 13:3). Vanweë hierdie kwynende geloofsverbintenis was die Hebreërskrywer baie bekommerd dat sommige van hulle die gevaar loop om afvallig te raak. Trouens, dit is een van die primêre redes hoekom hy hierdie brief (eintlik preek) aan hulle geskryf het.

Die Hebreërskrywer se oplossing

Dwarsdeur Hebreërs poog die skrywer om die vlam van die gemeente se kwynende geloofsverbintenis weer aan te wakker. Om dit te doen, maak hy gebruik van verskeie strategieë:

- Hy maak die gemeente skaam vir hulle kwynende geloofsverbintenis en motiveer hulle sodoende om by die punt te kom waar hulle meer gevorderde leerstellings hoor, verstaan en aanvaar (Heb. 5:11 – 6:3). Die Hebreërskrywer moedig hulle aan om geloofsvolwasse te raak deur al hoe meer te besef wat hulle bely en om daarvolgens te lewe.
- Hy waarsku hulle teen die katastrofiese gevolge van die koers wat hulle inslaan met hulle kwynende geloofsverbintenis (Heb. 2:3; 4:1, 11; 6:4-6; 10:27; 12:25).
- Hy herinner hulle dat dit hulle verantwoordelikheid is om in die geloof te volhard (Heb. 2:1; 3:8, 15; 4:7; 12:2, 25) en om na mekaar se geloofsvolharding om te sien (Heb. 3:13; 4:1, 11; 10:24-25; 12:14-16). Dit is treffend dat die Hebreërskrywer, ten spyte van die gedeeltelike eksterne faktore wat bydra tot die gemeente se kwynende geloofsverbintenis, slegs fokus op die gemeente se verantwoordelikheid.
- Hy lei hulle om te kom tot 'n dieper geloofsverbintenis deur in meer detail te verklaar Wie Christus is, wat Hy gedoen het, wat Hy tans doen en wat Hy sal doen. Hy brei veral uit oor die hoëpriesterlike bediening van Christus (Heb. 4:14 –

r begrip en uitlewing

5:10; 7:1 – 10:18). Die Hebreërskrywer is oortuig dat 'n groter begrip en hernieude verwondering oor die persoon en werk van Christus sal lei tot volharding in die geloof.

- Hy verseker hulle dat diegene wat getrou bly in hulle geloofsverbintenis, seker kan wees van God se beloftes in Christus (Heb. 6:13-20). Hulle kan seker wees van hulle verlossing (Heb. 1:3; 10:12, 14), die geleentheid om tot God te nader met vrymoedigheid (Heb. 10:19-22), en die ewige vreugde wat voorlê (Heb. 12:22-24).

Die toepassing van hierdie beginsels vandag

Die Hebreërskrywer maak gebruik van verskeie strategieë in sy poging om die gemeente se kwynende geloofsverbintenis weer aan te wakker. In die moderne konteks kan ons dieselfde doen. Daar is nie 'n "een-grootte-pas-almal"-oplossing nie. Die beste strategie gaan afhang van die konteks van die gemeente en die spesifieke probleme wat daar ervaar word.

Die groot gemene deler van al die strategieë wat die Hebreërskrywer aanwend is om die gemeente te lei tot 'n groter begrip van die geloof wat hulle bely, en 'n groter uitlewing van hierdie geloof. Na my mening is en bly dit die beste oplossing wat aangebied kan word vir enige kwynende geloofsverbintenis.

Sommige moderne pogings om 'n kwynende geloofsverbintenis aan te wakker, is geneig om die evangelie met die kultuur van die dag te versoen, of om die evangelie af te water. Dit is egter nie wat die Hebreërskrywer gedoen het nie. In plaas daarvan om maklike oplossings te soek, het hy gedoen wat volgens hom nie net die beste oplossing was nie, maar die enigste oplossing is in die lig van God se voortreflike openbaring in sy Seun: om die gemeente te lei om te kom tot 'n groter begrip van die geloof wat hulle bely, en 'n groter uitlewing daarvan.

Mag my en jou al-hoe-groter-wordende begrip van die geloof wat ons bely, maak dat ons nooit afgestomp raak vir die kwynende geloofsverbintenis wat ons rondom ons sien nie.

Mag dit ons lei om in die kringe waarin ons beweeg, ander te lei om te kom tot 'n groter begrip van die geloof wat ons bely, en 'n groter uitlewing daarvan. DK

Dr. Morné Diedericks (dosent by Aros)

PETER MARTYR VERMIGLI

Italiaanse Calvinis – herontdek

Die dryf tot historiese navorsing lê opgesluit in die ontdekking van daardie verlore stukkie goud. Vir die hedendaagse navorsers van die 16de-eeuse Reformasie is Peter Martyr Vermigli daardie stukkie goud.

Die herontdekking en ontsluiting van Vermigli se werke deur die Davenant Instituut het talle nuwe, waardevolle en reflekterende navorsingsprojekte na vore gebring. Calvyn het byvoorbeeld die volgende van Vermigli gesê: "Die hele leer van die Nagmaal is gekroon deur Vermigli, waarby niks verder bygevoeg kan word nie."

Calviniste word deur hierdie opmerking van Calvyn aangespoor om dieper te delf in die lewe en werk van dié Italiaanse Reformatoriese denker.

DIE REFORMASIE IN ITALIË GEDURENDE DIE 16DE EEU

Met die pous gesetel in die hart van Italië waar die Suidelike Renaissance plaasgevind het, het daar 'n duidelike verwêreldliking plaasgevind wat ook die kerklike strukture binnegedring het. Kerklike ampte kon byvoorbeeld gekoop word teen die hoogste bod.

Daarteenoor was daar groter, groeiende druk vanuit die noordelike dele van Europa op die Rooms-Katolieke Kerk om te hervorm.

Sommige pouse soos onder andere Pous Paulus III het aan hierdie roep tot hervorming gehoor gegee. In Italië het Pous Paulus III byvoorbeeld in 1537 onder leiding van Gasparo Contarini (1483-1542) kerklike hervorming aangespoor. Talle opregte pogings is aangewend, maar sodra die pous se eie stoel te warm geraak het, is die pogings onderdruk.

Dit is gedurende hierdie pogings tot kerklike hervorming wat Vermigli 'n leidende rol in die Italiaanse kerke gespeel het.

Lewenskets van Vermigli

Peter Martyr Vermigli is gebore in Florence, Italië, op 8 September 1499. Akademies begaafd, het Vermigli se moeder hom Latyn geleer, en in 1514 is hy ingeskryf by die monnikskool van San Bartholomeus in Fiesole. Vier jaar later sluit hy teen die wil van sy vader aan by die Augustynse monnikorde.

In 1518 verhuis hy na die bekende Universiteit in Padua om sy studies voort te sit in die werke van Aristoteles. Dit is heel waarskynlik hier dat Vermigli die eerste maal in aanraking gekom het met die leerstellings van die reformatore.

In 1525 is Vermigli bevestig as priester. Toegewyd in sy beroep het hy vinnig bekend geraak in die Italiaanse kerke. Onder invloed van die Spaanse reformator Juan de Valdes raak Vermigli oortuig van die uitverkiesingsleer, en kom hy ook tot die besef dat die leerstellings aangaande vagevuur vals is.

Vermigli is in 1541 beroep na San Ferdiano by Lucca, waar hy in kontak gekom het met talle sterk humanistiese denkers wat goed onderlê was in Latyn, Grieks en Hebreeus. By Lucca bekeer Vermigli hom tot die Protestantse geloof en begin hy die leerstelling van regverdigmaking deur geloof alleen beter te verstaan. Talle Italiaanse burgers het onder die onderrig van Vermigli hulle bekeer tot die Protestantse geloof.

Daar is ’n vermoede dat Pous Paulus III die Inkwisisie van 21 Julie 1542 ingestel het as gevolg van die werk wat Vermigli verrig het. Die gevolg was dat Vermigli ’n gewetenswroeging ervaar het en dat hy verplig was om te vlug uit sy moederland na die pro-Protestantse stede in die noorde.

In Augustus 1542 kom Vermigli in Zürich aan. Protestantse agterdog was egter groot teenoor voormalige Rooms-Katolieke priesters uit Italië wat hulle bekeer het tot die Protestantse geloof. Die gevolg was dat Vermigli gesukkel het om werk te kry. In Oktober verhuis Vermigli na Straatsburg waar hy onder andere Bucer en Bullinger oortuig het van sy regsinnigheid. Vermigli is toe aangestel as dosent in Ou Testament, en berigte aangaande sy geleerdheid en besondere taalkundige vermoë het spoedig versprei.

Met die doel om te kom help uitbou aan die Engelse Reformasie deur middel van die nuutgestigte Christ Church-opleiding, is Vermigli in 1548 na Oxford beroep deur Aartsbiskop Thomas Cranmer. In Oxford het hy veel vrug op sy arbeid geniet. Gedurende hierdie tyd (1549) tree Vermigli in ’n berugte debat met drie Rooms-Katolieke priesters oor die Nagmaal. Die onstuimige omstandighede in die Engelse politiek het egter veroorsaak dat Vermigli se tyd by Oxford kortgeknip is toe die Rooms-Katoliekgesinde koningin Maria Tudor (Bloody Mary) aan bewind gekom het.

Terug in Straatsburg (1553) het Vermigli voortgegaan met sy onderrig vanuit die Ou Testament, maar gedurende hierdie tyd het dit duidelik geblyk dat hy nie in ooreenstemming was met die Lutherane ten opsigte van die Nagmaal nie, maar dat hy in leer nader aan Calvyn en Bullinger was, of selfs eerder dat Calvyn en Bullinger nader aan Vermigli was.

Die Lutherane se druk op Vermigli was groot, met die gevolg dat hy ywerig nuwe werk en heenkome gesoek het. Vermigli het teruggekeer na Zürich (1556) waar hy verder gearbei het tot sy dood op 12 November 1562. Vermigli se eerste biograaf, Simler, wat teenwoordig was by sy sterfbed, skryf die volgende: “Vermigli was stil besig met diep persoonlike refleksie, toe draai hy na ons en sê met ’n helder stem hy erken dat lewe en verlossing alleen in Jesus Christus is, wat deur die Vader aan die menslike geslag gegee is as die enigste Verlosser.”

Gevolgtrekking

In die lewe en werk van Vermigli beskik die Here ’n getroue eksegeet vanuit Italië wat waardevolle Skrifbeginsels vir die kerk ontsluit het. Vir eeue was die werke van Vermigli vir die kerk verborge gewees, maar deur die hand van die Here is sy werke weer herontdek. Hoewel Vermigli as ’n Calvinis bestempel kan word, kan Calvyn as’t ware ook as ’n Vermigliaan bestempel word, omdat Vermigli nie bloot ’n navolger van Calvyn was nie, maar eerder ’n denker in eie reg.

Vanuit hierdie oorsig van Vermigli se lewe blyk dit dat sy lewe en werke vir Calviniste van groot waarde, soos ’n stukkie goud, in die toekoms kan wees. DK